

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 36: *B'ha'alotcha* – As Jy Die Lampe Opsteek

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: Praat met Aharon en sê vir hom: As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee. Num. 8:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 8:1 tot 12:16.

Haftorah: Sag. 2:10 tot 4:7

Nuwe Verbond: Rom. 1:1; Gal. 1:15; Heb. 4:14 tot 5:10; Heb. 7:1 tot 28; Heb. 9:23 tot 25; 1 Kor. 10:10; 1 Kor. 11:1; Open 14:4; Fil. 2:14.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 36 wat afgelaai kan word by: [Parashah36Notas14](#), [Parashah36Notas15](#) en [Parashah36Notas16](#).

You can tell more about a person by what he says about others than you can by what others says about him – Leo Aikman.

Many saints cannot distinguish inspiration from emotion. Actually these two can be defined readily. Emotion always enters from man's outside, whereas inspiration originates with the Holy Spirit in man's spirit – Watchman Nee.

The Spirit-filled life is not a special, deluxe edition of Christianity. It is part and parcel of the total plan of God for His people – A. W. Tozer.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

When we pray for the Spirit's help ... we will simply fall down at the Lord's feet in our weakness. There we will find the victory and power that comes from His love – Andrew Murray.

Torah Bespreking

Hersiening

In hierdie week se Torahskriflesing gee Moses die laaste instruksies en onderrig aan Israel voordat hulle die tog na die Beloofde Land aanpak.

Ons vorige Torahskriflesing, naamlik *Naso*, het geëindig waar die twaalf stamowerstes die inwydingsgawes vir die tabernakel gebring het (Num. 7:1 tot 88). Dan lees ons in Num. 7:89 die volgende:

Wanneer Moshe in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met Hom te praat, het hy die Stem met hom hoor praat van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, van tussen die twee gérubs uit. So het Hy met hom gepraat.

Let daarop dat Moses het die stem van YHVH gehoor van die versoendeksel – van bo die Toedekking – af wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit! In die ark was die Getuienis – die Tien Gebooie (Woorde)!! Dus is YHVH self, en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, as te ware die bewaker en bevestigter van die Tien Gebooie wat die tien “pilare” (beginsels) van YHVH se Karakter en Outoriteit is! YHVH praat altyd met ons, en met die mensdom, vanaf die basis van die Tien Gebooie. Elke Woord van YHVH is gefundeer op hierdie Tien Woorde (Gebooie).

Num. 8:1 en 2, die eerste woorde van hierdie week se Torahskriflesing, is dan ‘n voortsetting van hierdie gesprek met Moses. Hierdie is bevestiging van wat ons in Ex. 25:17 tot 22 ten opsigte van die verbondsark gelees het, naamlik:

17Maak ook 'n toedekking van suiwer goud. Sy lengte moet twee en 'n half el en sy breedte een en 'n half el wees. 18Maak ook twee gérubs van goud. Van gietwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die toedekking. 19Maak een gerub aan die een ent en een gerub aan die ander ent. Uit een stuk met die toedekking, moet julle die gérubs aan die twee ente maak. 20Die gérubs moet hulle vlerke boontoe uitsprei en die toedekking met hulle vlerke bedek en hulle gesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die toedekking gerig wees. 21Jy moet die toedekking bo-op die ark sit, maar in die ark moet jy die Getuienis sit wat Ek vir jou sal gee. 22Daar sal Ek met jou ontmoet en van bo die toedekking af, van tussen die twee gérubs wat op die ark van die Getuienis is, met jou praat en alles sê wat Ek jou sal beveel aangaande die seuns van Yisra'el.

YHVH praat nie meer met Moses op die berg Sinai nie, maar wel van bo die versoendeksel (die Toedekking) wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit!

In die ou bedeling (die ou verbond) het YHVH deur Moses en die profete met Israel gepraat, maar in hierdie laaste dae praat YHVH met ons deur Sy Seun – die Woord – die Torah van YHVH van die nuwe verbond – wat vlees geword het (Joh. 1:14).

1Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders 2en in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het. Heb. 1:1 en 2.

Die Toedekking (versoendeksel) is 'n sinnebeeld van Yeshua Messias. Wanneer YHVH dus met Moses van bo die versoendeksel gepraat het, het dit heengewys na Yeshua Messias – die vleesgeworde Toedekking van ons sonde en die vleesgeworde Versoening met YHVH!!

Omrede elke Woord van YHVH gefundeer is op die Tien Gebooie, en omrede Yeshua die vleesgeworde Torah is, is dit die fondament waarop ons ons hele bestaan as deelgenote van die nuwe verbond moet bou.

10Vanuit die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n wyse argitek die fondament gelê en 'n ander bou daarop, maar elkeen moet oplet hóe hy daarop bou, 11want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, Die Gesalfde Een.

12As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels - 13elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. 14Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry. 15As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen. 1 Kor. 3:10 tot 15.

YHVH praat steeds met ons! Eerstens praat Vader met ons deur Sy Woord en tweedens deur Sy Afgesonderde Gees. Daarom is ons verhouding met Vader-God hoofsaaklik gefundeer op ons kennis en insig van YHVH se Woord, asook ons gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies soos dit in die nuwe verbond deur Yeshua vervul is. Hoe meer tyd ons spandeer om na YHVH se Woorde te luister soos dit vir ons in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is en hoe meer ons ywer om dit ook te doen, hoe meer sal ons van die Karakter en Outoriteit van YHVH verstaan en hoe meer intiem sal ons verhouding wees.

Daarom is die sleutel tot kennis en gemeenskap met Vader vertrouwe in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies soos dit in Yeshua vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word.

3Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. 4Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, 5maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: 6hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6.

Die ewige lewe is om YHVH as God en Vader, asook om Yeshua as Die Gesalfde Een, te ken (Joh. 17:3). Maar as ons sê: "Ek ken Hom", maar nie Sy opdragte uitvoer nie, is ons leuenaars en is die waarheid nie in ons nie!!

Daarom moet ons hoor (*sh'ma*) wat YHVH deur Yeshua en die Afgesonderde Gees sê en dit dan bewaar (*sh'mar*) soos 'n baie kosbare skat sodat ons dit in ons lewenswandel as geregverdigdes kan toepas (*asah*), want ons oorwinnaarslewe op aarde, asook ons ewige lewe hang daarvan af!

Vader-God praat met ons deur Sy Seun en deur die Afgesonderde Gees vanaf die basis van die Tien Gebooie!

Bepeins of Bespreek

1. Hoe meer kennis ons van YHVH se Woord het, hoe groter word ons aanspreeklikheid ten opsigte van wat ons daarmee maak. Onthou: Dit is YHVH se Woord wat ons gaan oordeel. Lees Joh. 12:48, asook Joh. 3:16 saam met vers 36.

2. Kan diegene wat weier om die Shabbat te gedenk en af te sonder YHVH se stem hoor? Hoor diegene wat hulself as vry van YHVH se wet beskou nie 'n nabootser van YHVH se stem nie, of moontlik 'n mengelmoes van stemme, ondermeer die van die Afgesonderde Gees (wat eerstens sê om Torah-gehoorsaam te wees)?
3. En wat van dié wat Yeshua as Messias bely, maar wat vashou aan die Torah van Moses? Hulle wat weier om te aanvaar dat daar na Yeshua se folterdood en opstanding 'n verandering in YHVH se Torah plaasgevind het!? Hoor hulle die stem van die Afgesonderde Gees of die "stem" van Rabbynse Judaïsme?

'B'ha'alotcha' Jou Lamp

²"Praat met Aharon en sê vir hom: 'As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.'" ³Aharon het so gedoen: hy het die lampe opgestel om na die voorkant van die lampstaander te wys, soos יהוה Moshe beveel het. Num. 8:2 en 3.

B'ha'alotcha beteken nie om die lampe vir die eerste keer aan te steek nie, maar eerder wanneer Aäron die lampe laat ontvlam of wanneer hy die lampe laat opflikker. Hierdie ontvlam en opflikker van die sewe lampe van die menora (lampstaander) was die eerste ding wat Aäron en sy seuns in die oggend moes doen. Die lampe het weer ontvlam en opgeflikker soos die menora gevul was met die fyn uitgestampte olyfolie en wanneer die pit van elke lamp geknip was.

Hierdie is 'n sinnebeeld van wat ons eerstens elke oggend moet doen, naamlik ons moet ons lamp *b'ha'alotcha*. Ons moet vra om weer opnuut met die Afgesonderde Gees gevul te word en ons moet deur die Woord van YHVH 'geknip' word sodat ons weer helder kan brand. Ons moet vra dat ons "lamp" weer opvlam en helder flikker (skyn)!

Maar eerstens is dit belangrik om te verstaan dat die menora met die hand vervaardig was uit een stuk suiwer goud van een talent, ongeveer 43 kg goud (Ex. 25:31 tot 40). Net so is die Woord van YHVH suiwer, want dit is die waarheid (Joh. 17:17). Soos die menora uit een stuk suiwer goud gemaak is deur smewerk en dus 'n eenheid vorm, net so vorm die Woord van YHVH 'n eenheid van Genesis tot Openbaring.

Die menora was die enigste ligbron in die tent – in die Afgesonderde – van die tabernakel en was 'n heenwysing na, en sinnebeeld van, Yeshua Die Gesalfde Een en van die Afgesonderde Gees! Die bron van die lig van die menora was suiwer uitgestampte olyfolie (Ex. 27:20) – 'n sinnebeeld van die suiwer Gees van YHVH waarmee Yeshua gevul was.

Die profeet Jesaja het soos volg aangaande Yeshua geprofeteer:

¹Dan sal 'n Loot uitspruit uit die stomp van Yishai en 'n Tak vanuit sy wortels sal vrugte dra.

²Die Gees van יהוה sal op Hom rus, die Gees van wysheid en begrip, die Gees van raad en krag, die Gees van kennis en die respekvolle vrees van יהוה. ³Hy sal Hom verheug in die respekvolle vrees van יהוה en Hy sal nie oordeel deur wat Sy oë sien nie en ook nie 'n besluit maak deur wat Sy ore hoor nie, ⁴maar die armes met onpartydige opregtheid oordeel en met regverdigheid besluit namens die geteisterdes van die aarde en Hy sal die aarde slaan met die lat van Sy mond en met die asem van Sy lippe sal Hy die bose oortreder doodslaan. ⁵Ook sal onpartydige opregtheid die gordel om Sy lendene wees en vertrouenswaardigheid die gordel om Sy heupe Jes. 11:1 tot 5.

Hierdie profesie is vervul toe Johannes vir Yeshua gedoop het!

¹⁶Nadat Yeshua gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God soos 'n duif afkom en op Hom kom ¹⁷en let op, 'n Stem uit die hemel wat sê: "Let op, dit is My Seun, Wie Ek liefhet, in Wie Ek verheug is." Matt. 3:16 en 17.


En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly. Joh. 1:32.

Die menora is vervaardig volgens die vakmanskap van dryfwerk (smeewerk) en het bestaan uit 'n sentrale stam met drie sytakke aan elke kant. Aan die bopunt van die stam en elke sytak was daar 'n kelkie in die vorm van 'n amandelblom waarin die olie en die pit van die lamp was. Die stam en sytakke was ook versier met amandelknoppe en blomme (Ex. 27:20 en 21; Ex. 37:17 tot 24; Ex. 39:37; Ex. 40:24 en 25; Lev. 24:1 tot 4; Num. 4:5, 9, 10 en 15; Num. 8:1 tot 4).

In Gen. 1:1 lees ons: *In begin het God die hemele en die aarde geskep*. Maar in Hebreeus is daar slegs sewe woorde en lees dit soos volg van links na regs:

בראשית ברא אלהים את השמים ואת הארץ

Getransliterereer lees dit: *B'reisheet bara elohim et ha'shamayim va-et ha'erez*. Volgens die Hebreeus vorm elkeen van hierdie woorde die middelste stam en die ses sytakke. Dit kan soos volg skematies voorgestel word:



Die middelste stam van die menora (אה - die *aleph tav*) staan in Hebreeus bekend as die *shamesh*. Dit is die een – die dienskneg – waarmee die ander ses lampe aangesteek word. Yeshua is die een wat die ander ses (die getal van die mens) sytakke aansteek en versorg om helder te skyn!

Yeshua is die Een wat gekom het om te dien en nie gedien te word nie!

²⁵Yeshua het hulle geroep en vir hulle gesê: "Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle, ²⁶maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees ²⁷en wie ook al

tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees; 28 net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as 'n Losprys vir baie te gee."
Matt. 20:25 tot 28.

Yeshua is die Aleph-Tav (die *alfa en die omega* – Open.1:8 en 11). Hy wat is en wat was en wat kom; Hy wat alles vashou en waar daar geen duisternis is nie!

Toe Simeon in die tempel vir Yeshua in sy arms neem het hy geprofeteer:

31 Hom wat U voorberei het in die teenwoordigheid van al die volke; 32 'n Lig vir openbaring aan die ander nasies en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid aan U volk, Yisra'el." Luk. 2:31 en 32.

Johannes die Doper het gekom om van die Lig, naamlik van Yeshua Messias, te getuig (Joh. 1:7 en 8).

Daarom is Yeshua Messias ons Menora. Hy is die lig van die wêreld en elkeen wat in hierdie lig wandel, het die lig wat lewe is (Joh. 8:12). In Hom is die ware lewe en hierdie lewe is die lig wat elke mens verlig (Joh. 1:4 en 9). Yeshua is die bron (oorsprong) van lewe, want net soos die Vader het Hy ook lewe in Homself (Joh. 5:26).

Vanaf die eerste profesie oor die koms van die Messias (Gen. 3:15) tot met die laaste hoofstuk van Openbaring word Yeshua voorgehou as die Lig (Verlosser) van hierdie wêreld. Die opdrag vanaf Genesis tot Openbaring is ook duidelik, naamlik: Wandel in YHVH se Lig, naamlik die Woord van God wat Yeshua is en wat deur die Afgesonderde Gees verheerlik word.

Onder die nuwe verbond is die geestelike betekenis van die menora veral duidelik, naamlik: Soos daar geen ander lig in die Afgesonderde van die tabernakel was nie, so is Yeshua die enigste Lig van hierdie wêreld. Hierdie Lig het in ons harte geskyn sodat die duisternis uit ons harte verdryf kan word en sodat ons die Vader waarlik kan ken (2 Kor. 4:6). Om in hierdie lig te wandel is die enigste wyse om Vader-God waarlik (intiem) te kan ken.

Ons moet YHVH se kinders van die Lig wees en die Lig in ons moet die wêreld om ons verlig op 'n wyse dat die Vader verheerlik kan word (Matt. 5:16).

Elke gelowige in Yeshua wat nougeset volgens die Woord (Torah) lewe, word 'n lig in hierdie wêreld (Matt. 5:14; Ef. 5:8; Fil. 2:15). In Yeshua het ons die Lig van die Lewe (Joh. 8:12). Ons moet in hierdie Lig wandel sodat die duisternis ons nie oorval nie (Joh. 12:35).

Bepeins of Bespreek

1. Ons is 'n lig van die wêreld slegs wanneer ons in die Lig wandel en dit beteken om nougeset volgens die Lig van die Torah van die nuwe verbond te lewe. Die bewys dat ons volgens hierdie Lig lewe is wanneer ons die Vader met alles liefhet en ons naaste soos onself. Wanneer ons Sy Woord (Torah) bewaar dan het die liefde van YHVH in ons lewens volmaak geword (1 Joh. 2:5). Dit beteken dat wanneer ons nougeset volgens die Lig van die Woord van YHVH handel, beantwoord ons YHVH se liefde vir ons. Dit is volmaakte liefde!!

Genesing Van Die Tong

Die volk het geword soos mense wat kla van swaarkry voor die ore van יהוה en toe יהוה dit gehoor het, het Sy woede ontbrand. Die vuur van יהוה het onder hulle gebrand en sommige

aan die kant van die kamp verteer. Die volk het daarom na Moshe uitgeroep en Moshe het ingetree by יהוה en die vuur is geblus. Num. 11:1 en 2.

Die onmiddellike vraag is of Israel hoegenaamd rede gehad het om te kla? Het YHWH dan nie in al hulle behoeftes voorsien nie?! Soos die gesegde lui:

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings – Eric Hoffer.

Het Israel vergeet waarvoor hulle dankbaar moet wees? Het Israel genesing van hulle tonge nodig gehad? Het jou en my tong genesing nodig?

Vreemde vraag? Die waarheid is egter: Ja, waarskynlik het ons elkeen se tong genesing nodig!

Wat word bedoel met *Die Genesing van die Tong*? Hierdie vraag kan soos volg beantwoord word: In die Afgesonderde Skrifte word veral na die tong verwys as die woorde wat uit jou mond kom en hierdie woorde het skeppingskrag!

Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur. Jak. 3:6.

Die woorde van jou mond is die manifestasie en verbalisering van dit wat in jou hart is. Soos die spreuk lui: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor! In dié verband verwys jou hart na jou siel, met ander woorde jou wil, kennis, denke en emosie. Jou woorde is dus die verbalisering van wat in jou siel is. Die eintlike vraag is dus of jou siel genesing nodig het?

Jou siel is jou totale persoonlikheid – dit is wie jy werklik is. Dit is die somtotaal van jou wil, jou denke en jou emosie wat die resultaat is van al jou kennis en van al jou ondervinding (die goeie en die slegte) wat jy vanaf voor geboorte tot hede opgedoen het! Daarom sal jou woorde ook deur jou handeling (optrede) bevestig word. Ons almal reageer uit ons verlede van kennis en ondervinding!

Wat is die inhoud van die woorde wat uit jou en my mond kom? Bevat dit lewe of bevat dit dood? Spreek jou tong lewe (seëninge, dankbaarheid, vergifnis, liefde, ens.) of spreek dit dood (vloeke; oordele, verwyte, murmurerings, ondankbaarheid, beskuldigings, onwelvoeglike woorde, ens.).

Maar omrede jou woorde egter met jou siel verbind word, is die eintlike vraag: Wat is die inhoud van jou siel (hart)? Indien die woorde van jou mond dood spreek, het jou tong genesing nodig. Jou tong kan egter net genees word indien die oorsaak behandel word. Die oorsaak is die siel!

Ons lees in Spr. 18:21 die volgende:

Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. AOV; 1953.

Hiervolgens is duidelik dat 'n mens se woorde bepalend is ten opsigte van lewe (seëninge) en dood (vloeke). Ons woorde gaan die vrug dra van lewe of die vrug dra van dood! Dit is ons elkeen se keuse!

Die vrug van Israel se murmurering oor die manna (Num. 11:1 tot 6) was die dood van talle. In die oorvloed kwartels – genoeg vir een maand (Num. 11:18 tot 22) – het die dood geskuil!

Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יהוה teen die volk ontbrand en יהוה het die volk met 'n baie ernstige plaag geslaan. Num. 11:33.

Israel het genesing van hulle tonge nodig gehad! Hulle wil, denke en emosie het genesing nodig gehad! Dit wat na oënskynlike oorvloed gelyk het, was inderwaarheid 'n vervloeking! Hulle was verblind vir die waarheid vanweë hulle gierigheid (wellus). Hulle sielsrealm het oor die geestelike geheers!

Hierdie was 'n les om dankbaar te wees vir dit wat YHWH vir hulle gedoen het en steeds besig was om te doen! Dit is vandag vir ons elkeen ook 'n les! Hierdie is een van die dinge waarna Paulus in sy brief aan die Korinthiërs verwys toe hy geskryf het:

⁵Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie. 1 Kor. 10:5 en 6.

Luister na die volgende verduideliking:

When one focuses only on what he is missing, he blinds himself to what he does have. No matter how much you do have, there will always be something to complain about if you look hard enough. This attitude is not merely a means by which a person causes himself a miserable existence. It is a direct contradiction to our obligation to be grateful to the Almighty. Anyone having this negative attitude must make a concerted effort to build up the habit of appreciating what he has and what happens to him. This is crucial for both spiritual reasons and for happiness in life (Kalman Packouz).

Dan moet ons ook die woorde van Yeshua onthou in Matt. 12:36 en 37!

³⁶want Ek sê vir julle dat van elke waardelose woord wat mense praat, sal hulle 'n antwoord moet gee in die oordeelsdag, ³⁷want deur jou woorde sal jy onskuldig beskou word en deur jou woorde sal jy skuldig bevind word."

Die Grieks vir waardelose / ydele woorde is *argos*. Albert Barnes' Notes on the Bible verduidelik dit soos volg:

This literally means a vain, thoughtless, useless word; a word that accomplishes no good. Here it means, evidently, "wicked, injurious, false, malicious, for such" were the words which they had spoken.

Ondankbaarheid en waardelose (ydele) woorde kan die graf word wat ons vir onself grawe!!

Dan moet ons ook onthou dat 'n gemaksugtige geloofslewe bestaan nie! As studentevolgelinge van Yeshua, en as koninklike priesterdom van Melgisédek, is ons in 'n geestelike stryd gewikkel terwyl ons in die wildernis van hierdie lewe is (Efes. 6:10 tot 18).

En laastens, ons moet nie murmereer nie wanneer die Vader op Sy wyse voorsien en ons moet versigtig wees wat ons van Hom vra!

Mirjam, die suster van Moses, is 'n verdere voorbeeld van die gevolge van die siekte van die tong wat uit die sielsrealm praat!

¹ *Miryam en Aharon het teen Moshe gepraat vanweë die Kushietiese vrou wat hy getrou het, want hy het 'n Kushietiese vrou getrou* ²*en hulle het gesê: “Het יהוה werklik alleen deur Moshe gepraat? Het Hy nie ook deur ons gepraat nie?” יהוה het dit gehoor.* Num. 12:1 en 2.

Mirjam was skuldig aan kwaadspraak (*l'shon hara*) teenoor Moses en die gevolg was dat YHWH haar gestraf het met 'n veltoestand bekend as melaatsheid².

⁹ *Die woede van יהוה het teen hulle gebrand en Hy het weggegaan.* ¹⁰*Toe die wolk van die Tent af teruggetrek het, let op, Miryam was melaats, soos sneeu. Aharon het na Miryam gedraai en gesien sy is melaats!* Num. 12:9 en 10.

L'shon hara se letterlike betekenis is *die bose tong* en beteken om van iemand te skinder of om lasterlike dinge te sê of om die spot met iemand te dryf of om valse getuienis teen jou naaste te bring nie. Dit beteken ook om 'n *handelaar in woorde* te wees. Daarom lees ons in Lev. 19:16 die opdrag:

Jy mag nie as 'n storiendraer onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is יהוה.

Wat met Mirjam gebeur het is bevestiging dat ons woorde skeppingskrag het. Dit wat jy in jou hart glo en met jou mond sê, beïnvloed jou lewe en omstandighede. Die korrekte gebruik van jou tong sal jou lewe en omstandighede positief beïnvloed. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Daarom het ons almal genesing van die tong nodig, maar ons wil, denke en emosie moet eerstens genees word sodat ons die dinge kan bedink wat in die hemel is – volgens die Vader se hart is – en nie wat op die aarde is nie (Kol. 3:2). Daarom moet ons die volgende onthou:

'n Helende tong is 'n boom van lewe en hy wat van sy vrugte eet sal daardeur gevul word.
Spr.15:4.

Die tong is 'n klein ledemaatjie wat 'n groot invloed op ons fisiese en geestelike lewe het. Daarom moet ons leer om ons tong te beheer! Laat ons elkeen die woorde van Jakobus met erns bepeins terwyl ons selfondersoek doen.

¹*Daar moenie baie leermeesters onder julle wees nie, my broers, want julle weet dat ons 'n groter beoordeling sal ontvang,* ²*want ons almal struikel dikwels. Elkeen wat nie struikel in wat hy sê nie; hy is 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam te beheer.* ³*Let op, ons sit stange in die perde se bekke sodat hulle ons gehoorsaam kan wees en ons draai hulle hele liggaam daarmee.* ⁴*Ook soos skepe, magtig en deur sterk winde voortgedryf, deur 'n baie klein, harde stukkie hout gestuur word net waarheen die stuurman wil;* ⁵*net so is die tong ook 'n klein ledemaatjie en het heerskappy. 'n Klein vuurtjie steek 'n groot woud aan die brand!* ⁶*Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur,* ⁷*want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seediere, word getem deur die menslike natuur,* ⁸*maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol dodelike gif.* ⁹*Daarmee seën ons יהוה-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is na die*

² In Torah is melaatsheid (*tsara 'at*) egter 'n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe verrotting (aftakeling) en uidendelik die dood. Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom beide fisies en geestelik gesien word. Daarom word *tsara 'at* uitgesonder as die toestand van onreinheid – fisies en geestelik. 'n Meer volledige bespreking van melaatsheid is in Parashah 27 wat by hierdie skakel afgelaai kan word: [Parashah27Notas14](#)

beeld van God. 10Uit dieselfde mond kom seëninge en vervloeking. Dit, my broers, behoort nie so te wees nie. 11Is dit moontlik dat uit dieselfde fontein vars en bitter water uitkom? 12Of kan 'n vyeboom, my broers, olywe dra, of 'n wingerdstok, vye? Net so word bitter water nie soet gemaak nie. Jak. 3:1 tot 12.

Opsomming: Die wyse waarop die siel sigbare uiting gee, is deur optrede (dade of handeling) en woorde (praat of skryf). Beide optrede en woorde vloei voort uit dit wat in die mens se sielsrealm gevestig is. Die mond en tong (bedoelend die mens se vermoë om te praat) het meer as enige ander orgaan 'n direkte invloed op die mens se fisiese en geestelike welsyn. Dit wat deur die mond ingeneem word, bepaal grootliks die mens se fisiese gesondheid. Terwyl dit wat by die mond uitgaan, by wyse van wat gesê word, bepaal grootliks die mens se geestelike welsyn.

Ons daaglikse gebed behoort te wees:

Stel 'n wag voor my mond, o יהיה, bewaar die deur van my lippe. Ps. 141:3.

Bepeins of Bespreek

1. Indien Israel 'n maand of meer se voorraad van manna sou kon opgaan, sou hulle nie meer vir YHVH vertrou het om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie. Yeshua het ons geleer om te bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood.* Verwys ook Matt. 6:19 en 20 – maak hemelse skatte bymekaar. Verwys ook die gelykenis van die ryk dwaas (Luk. 12:13 tot 21). Ons moet die Vader vertrou om in ons daaglikse behoeftes te voorsien, maar ons moet ook deur harde werk en beplanning voorsiening maak vir ons daaglikse behoeftes. Hoe is hierdie twee met mekaar versoenbaar? Is die antwoord Deut. 8:11 tot 20?
2. Bill Bullock (The Rabbi's Son) skryf die volgende:

A wise man learns to distinguish between the behaviours, endeavours, material things, ideas, subjects of conversation, and substances of ingestion that improve the atmosphere of the world around him on the one hand, and those that tend instead to increase the amount of darkness, frustration, confusion, sorrow, anxiety, greed, angst, offense, outrage, oppression, lust, and perversion within his sphere of influence on the other hand. Empowered by this discernment, the wise man intentionally makes choices that lead to life, health, and peace for himself and for others. The world is a better, healthier, more fruitful place as a result.

*The foolish man is just obsessed with what he wants and doesn't want, likes and doesn't like, believes and doesn't believe, and feels and doesn't feel. As a result, he has lost all concept of – and any concern about – the potential effect, for good or for evil, of behaviours, endeavours, material things, ideas, subjects of conversation, and substances of ingestion on the world and the people around him. His choices therefore usually make himself and others miserable. **Creation therefor cringes every time he speaks and the world around him gets a little sicker every time he interacts with it.***

Is jou woorde, optrede en invloed op jou geliefdes, vriende en omgewing die van die wyse man of die van die dwase man?

3. *The tongue is an instrument so dangerous that it must be kept hidden from view, behind two protective walls (the mouth and teeth) to prevent its misuse. Nothing is more*

frequently "opened by mistake" than the mouth (Anonymous). Ons het twee oë, twee ore en twee neusgate, maar wie wil twee monde hê?

4. *The best time for you to hold your tongue is the time you feel you must say something or bust* – Josh Billings.

A bitter man needs to place his troubles on the front of his tongue so that they taste sweeter – Jay Wickre.

I had killed our careful relationship by driving my tongue through its heart and pushing it off a cliff – Jeff Lindsay.

-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.